

Gereformeerde Kerk Bellville – 6 September 2015 – aand

Sing vooraf staande: Psalm 2:1, 6 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrootes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"
- 6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 148:1, 5 (p. 711)

- 1 Loof uit die heemle, loof die HEER! / Loof in die hoogtes, sing sy eer!
Loof, heil'ge eng'le, om sy troon, / die God wat in die hoogte woon!
Loof almal saam, o leërmagte, / wat Hom omring as troue wagte!
Loof, blink gesternte, maan en son: / Hy is van alle lig die bron.
- 5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heela!

Gebed

Skrifberyming 1-3:1, 2

- 1 So lief het God die wêreld / dat Hy vir ons sy Seun,
sy enigste, gegee het – / ons Redder, Lig en Steun.
Wie in Hom glo, sal lewe, / sal nooit verlore gaan;
maar het die ware lewe / as God se erfgenaam.
- 2 Die Seun het nie kom oordeel – / Hy kom om vry te spreek.
Sy koms het oor die wêreld / 'n nuwe dag laat breek.
Maar hulle wat nie glo nie / bly selfveroordeeld staan:
Die liefde vir die duister / laat hul verlore gaan.

Skriflesing: 1 Korintiërs 1:10-2:5; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 14

Kernvers: 1 Korintiërs 2:1-5

En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Ek was ook by julle in swakhed en in vrees en in veel bewing; en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God. (1 Korintiërs 2:1-5 AFR53)

Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 1, Artikel 14

Hierdie leer van die Goddelike uitverkiesing is verder, volgens die wyse besluit van God, deur die profete, deur Christus self en deur die apostels in sowel die Ou as die Nuwe

Testament verkondig. Daarna is dit in die heilige Skrifte bekend gemaak en bewaar. Daarom moet dit vandag nog op die regte tyd en plek in die kerk van God – waarvoor dit in die besonder bestem is – uiteengesit word. Hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig word. Dit alles moet gebeur tot eer van die heilige Naam van God en tot 'n lewende troos vir sy volk (Hand 20:27; Rom 12:3; 11:33-34; Heb 6:17-18).

Tema: Hoekom moet daar oor die uitverkiesing gepreek word?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, oor die algemeen is mense daarop ingestel om kitsoplossings en praktiese planne te soek. Hierdie ingesteldheid het ook sy neerslag gevind in die prediking van die kerke. Lidmate vind dit soms moeilik om die teologiese vaste kos te hanteer. Hulle wil eerder hoor wat hulle kan doen sodat hulle lewe so gou as moontlik gerieflik en salig kan wees. Mense wil graag hoor hoe godsdiens kan help dat hulle gesinslewe, huwelike en werkplek 'n aangename en voorspoedige ervaring kan wees. Daarom vermy hulle eerder die moeiliker dele in die Bybel wat 'n bietjie moeite en studie verg. Volgens hulle kry hulle nie praktiese onderrig uit hierdie moeiliker dele in die Bybel nie. Baie predikers het by hierdie ingesteldheid van lidmate ingeval. Hulle preek nie graag oor die moeilike sake wat die Here in sy Woord noem nie.

Moeilike sake in die Bybel het mos die potensiaal om verdeeldheid te veroorsaak, want nie almal stem saam oor daardie moeilike sake nie. In die dae voor die Dordtse Sinode waar ons Dordtse Leerreëls opgestel is, was daar groot verdeeldheid en beroeringe in die kerke in Nederland oor die leer van die uitverkiesing. Dit is juis hierdie verdeeldheid wat veroorsaak het dat die gereformeerde kerke nie anders kon nie as om die Sinode bymekaar te roep om vanuit die Skrif uitsluitel oor hierdie verdeeldheid te verkry.

In die tye voor die Sinode van Dordt en seker ook maar tydens die Sinode was daar mense wat 'n ander oplossing gesoek het om hierdie verdeeldheid en onrus tot 'n einde te bring. Hulle oplossing was om glad nie oor die uitverkiesing te preek nie. Hulle het hulle voorstel soos volg gemotiveer: Dit is nie wenslik om die gewone lidmaat te vermoei met sulke ingewikkelde sake soos die uitverkiesing nie.

In die kerkgeskiedenis van Suid-Afrika was daar ook mense en is daar vandag nog mense wat oor die uitverkiesing anders dink en verkondig as wat in die Woord geopenbaar word. En daar is ook vandag mense wat steeds sê dat daar eerder nie oor die leer van die uitverkiesing gepreek moet word nie, want dit veroorsaak net verdeeldheid. Dit is oor hierdie vreemde verkondigings van die uitverkiesing en die stilswye daarvoor dat 'n mens gereeld hoor dat die mens sy hart vir die Here moet gee om gered te word, so asof die mens die keuse uitoefen om te glo en gered te word.

Ons kan egter nie die dele in die Bybel vermy waarvan ons nie hou nie. Deur daardie moeilike dele in die Bybel te vermy gaan nie maak dat dit verdwyn nie. Dit staan vir ewig in die Woord van God geskryf. Daarom bely ons met die eerste twee sinne in artikel 14: Omdat die Here die leer van die uitverkiesing vir ons in sy Woord openbaar, moet dit in die kerk van die Here verkondig word. Sodra die mens self begin besluit wat uit die Woord van die Here verkondig moet word en wat nie, stel die mens homself bo die Here en sy Woord. Die mens besluit dan self wat die Here mag openbaar en wat Hy nie mag openbaar nie, want die mens wil self besluit wat hy wil hoor en nie wil hoor nie.

Broers, susters en kinders, uit ons bestudering van die leer van die uitverkiesing aan die hand van ons Dordtse Leerreëls het ons nou al agtergekom dat God se ewige besluit oor

die uitverkiesing en sy besluit om 'n sekere aantal mense deur sy Seun Jesus Christus te verlos innig met mekaar verband hou. Ons bely dit immers ook so in Sondag 7 van ons Heidelbergse Kategismus: ***Slegs die mense wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade aanneem word deur Christus salig.***

As daar een ding is wat die mens van alle tye nie wil hoor nie, is dit dat hy self onmagtig is om enigiets goeds te doen. En wanneer dit by sy verlossing kom, is hy sommer halsstarrig eiewys. Dit is vir die mens bitter moeilik om te aanvaar dat hy niks self kan doen sodat die Here hom moet aanvaar nie. Met *aanvaar* word dan bedoel dat die mens iets doen sodat die Here hom moet kies en verlos.

Van Chloë se mense af het Paulus berig gekry oor die partyskappe wat daar in die gemeente in Korinte ontstaan het. Hy was nie verbaas oor die partyskappe nie, maar wel hartseer. Die rede vir sy hartseer? Die feit dat sommige lidmate vir Apollos gekies het en ander vir Petrus en ander vir Paulus en nog 'n vierde groep vir Christus, het dit vir hom duidelik gemaak dat heelwat lidmate in Korinte nog nie die kern van die evangelie gesnap het nie.

Dat sommige van die lidmate vir Paulus gekies het, is begryplik. Paulus het immers die evangelie van Jesus Christus aan hulle verkondig. Die Heilige Gees het juis Paulus se prediking gebruik om die geloof in hierdie gelowiges op te wek. Paulus het homself hieroor as hulle geestelike vader beskou (1 Kor 4:15). En hierdie groep lidmate het dit met genoeg so aanvaar. Hulle het graag na Paulus geluister, juis omdat hy die evangelie aan hulle gebring het.

Van Apollos is daar eintlik maar min bekend. Uit Handeling 18 weet ons dat hy van Aleksandrië afkomstig was. Hy was 'n begaafde spreker met 'n deeglike kennis van die Skrif. Hy het in die leer van die Here onderrig ontvang en het met groot geesdrif gepraat en aan ander noukeurig alles oor Jesus geleer. Nou moet ons onthou wat Paulus hier in 1 Korintiërs 1 geskryf het. Die Grieke is altyd op soek na wysheid. Apollos was net die prediker vir hierdie Griekse gelowiges in Korinte. Hy kom immers van Aleksandrië af waar daar 'n wêreldbekende universiteit is. En met sy welsprekendheid sou Apollos sommer gou 'n klompie geesdriftige volgelingen in Korinte gehad het. Paulus, aan die ander kant, kom maar net van Tarsis af. Daar is nie eers 'n universiteit nie. Vir hierdie lidmate wat vir Apollos gekies het, was dit logies. Apollos is 'n geleerde man uit 'n bekende universiteitsstad en as bonus is hy ook nog welsprekend en geesdriftig.

Die groep lidmate wat hulle by die Petrus-groep geskaar het, het waarskynlik uit die Joodse Christene bestaan. Dit is mense wat dit nog nie kon regkry om vleis te eet wat aan sogenaamde afgode geoffer is nie. Aangesien Petrus die apostel was vir die besnede mense, het hierdie gelowiges in Korinte hulle dan graag as volgelingen van Petrus beskou. Dit is gewoonlik die mense wat graag 'n vaste stel reëls wil hê waarvolgens hulle hulle verhouding met die Here belewe. Hulle voel hulle veilig in sulke reëls. Maar die probleem met so 'n manier van glo is dat die verhouding met die Here iets van 'n pligstaat word.

Aanvanklik wil dit vir 'n mens vreemd voorkom dat daar 'n groep kon wees met die leuse: Ons is van Christus! 'n Mens wil vra: Maar is alle Christene nie van Christus nie, want as Hy hulle nie verlos het nie en die Gees nie aan hulle geloof gegee het nie, kon hulle nie Christene genoem word nie? Maar juis die feit dat daar drie groepe lidmate was wat buitensporige lof vir drie predikers toegeswaai het, sou hierdie vierde groep laat ontstaan het. Dit is die soort mense wat moeilik gesag aanvaar en uitgesproke sal sê: Wie het nou leiers in die gemeente nodig? Christus is ons leier. Hy is immers die Hoof van die liggaam.

Daarom gaan ons direk na Hom en Hy sê vir ons wat ons moet doen. Dit is hierdie soort wat 'n mens vandag nog ongemaklik laat voel, want hulle praatjies laat dit klink asof hulle in direkte verbinding met die Here self is. En ons gewone gelowiges moet maar nog staat maak op Bybel lees.

Wanneer Paulus dan in ons kernverse sê dat hy hom **voorgeneem** het **om niks anders onder** die Korintiërs **te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde**, wil hy dit duidelik maak dat hierdie soort partyvorming nie gesond is nie. Dit gaan nie oor die predikers nie; dit gaan oor Jesus Christus. En dit gaan nie oor Hom as die een of ander leier nie. Dit gaan oor Hom as die gekruisigde. Jesus Christus is die kern van die evangelie. En sy sterwe aan die kruis is die enigste betaling wat God aanvaar vir enige mens, want net Jesus Christus kan volmaak die losprys vir 'n mens se lewe betaal. Aangesien Christus se offer aan die kruis die enigste betaling vir mense se sondes is wat God aanvaar, kan Paulus niks anders as Jesus Christus as die gekruisigde aan almal verkondig nie. Dit is die evangelie waarmee God mense tot bekering en geloof in Christus roep. Indien Paulus enigsins die evangelie anders verkondig as wat die Here dit vir hom ingegee het, sal hy nie aan sy Goddelike opdrag voldoen nie en sal hy ontrou aan sy Here wees.

Dit is immers in die kruis dat die regverdigheid van God, sy barmhartigheid en krag duidelik ten toon gestel word. God se regverdigheid word daarin verkondig, want Hy sien nie die sonde van die mens oor nie. Hy straf dit regverdig aan sy Seun wat die gestalte van 'n mens aangeneem het om die straf op die sonde te dra. God se barmhartigheid word in die kruis verkondig. Die mens wat sy vertrouwe in Jesus Christus stel, hoef niks meer te doen as om in Jesus Christus te glo nie. Deur die geloof in Christus alleen skenk God aan die gelowige verlossing en vergifnis van sondes. Christus is die krag van God. Dit is nie met geweld waarmee die ryk van die Satan en die sonde vernietig word nie, maar met die gehoorsame voldoening van Christus wat aan die kruis sterf.

Met hierdie voorneme het Paulus nie sy prediking aangepas by die begeertes van die luisteraars nie. Hy het baie goed geweet dat die Jode tekens wil hê en die Grieke wysheid soek. Maar hy het daardie begeertes geïgnoreer en – gehoorsaam aan die Here – net Jesus Christus as die gekruisigde aan hulle verkondig. Vir die Jode was die gekruisigde Christus 'n struikelblok, want hulle het gemeen dat die Christus nie so swak behoort te wees om te sterf nie. En buitendien het God in sy Woord geopenbaar dat elkeen wat aan 'n hout opgehang is, vervloek is deur Hom. Hoe kan 'n vervloekte een dan die Verlosser én die Christus wees? Vir die Grieke was die gekruisigde Christus 'n dwaasheid, want hulle sien nie die wysheid van God daarin nie. Hoe kan daar verlossing kom deur so 'n ondergang aan die kruis?

Paulus het nie met voortreflike woorde en menslike wysheid gepreek nie, want hy was nie 'n verkoopsman wat mense moes oortuig nie. In alle eenvoud het hy die getuienis van God oor sy eie Seun en sy kruis aan die mense oorgedra. Die oortuigingswerk is die Heilige Gees wat met krag mense aan die verstand bring dat dit die ware evangelie is.

Bewus van sy eie swakheid het Paulus getuig van God se regverdigheid en genade in Christus. Menslike wysheid en vertoon van mooi woorde was nie sy manier om mense na Christus toe te trek nie. God het die evangelie van Christus aan Paulus gegee waarmee mense na Christus getrek moet word. Indien menslike wysheid en voortreflike toesprake gebruik word om mense na Christus te trek, kan hierdie wysheid en toesprake ook gebruik word om mense van Christus af weg te trek. Nee, die geloof van mense moet vasstaan in die krag van God en nie in die wysheid van mense nie. Geloof wat deur die

kragtige werk van die Heilige Gees in mens se hart tot stand kom, is ware geloof wat nie sal wankel nie. Geloof wat op die wysheid en woordkuns van mense gebou is, is soos 'n huis wat op sand gebou is. Die wind sal daarteen storm en die reën sal dit oorstrom en dit sal inmeekaartuimel.

Die wat aanstoot geneem het teen die verkondiging van Christus as die eksklusiewe Verlosser, sal nie by God die Vader kan kom nie. Christus is die enigste weg tot die Vader. Hierdie gedagtes is nie deur die kerk uitgedink nie. Dit is die besluit van God aangaande die uitverkiesing wat Jesus Christus self aan sy dissipels verkondig het in die nag voordat Hy verraai is. Die leer van die uitverkiesing is immers vir die kerk gegee en moet dus in die kerk verkondig word, want Christus het dit aan die ware gelowiges verkondig. Maar as die uitverkiesing nie gepreek kan word nie, beteken dit dat daar ook sommige woorde van Christus self is wat die mens nie wil hoor nie.

Mag die Here hierdie gemeente van Hom daarvan bewaar om met 'n skêr in die Bybel te begin inklim. Mag elke prediker wat die Here in hierdie gemeente plaas die volle raad van God verkondig, aangesien die Here self weet wat sy kerk nodig het. Mag die Heilige Gees elke ouderling in hierdie gemeente toerus met die wysheid van die Here se Woord sodat hulle kan toesien dat die volle raad onvervalsd aan die gemeente verkondig word. Die genade wat God in sy uitverkiesing aan ons openbaar, is juis om Homself te verheerlik net soos wat Hy Homself deur sy Seun Christus verheerlik het. Die verlossing van 'n sondaar is die Here se werk alleen – van die besluit in ewigheid af tot by die uiteindelijke verheerliking van elke kind van God. Dit is juis die troos vir die gemeente van die Here Jesus wat hulle tot aanbidding en lof aan God bring.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:1, 2 (24:1, 2)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe^oin dooie harte wek.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 September 2015